# GENERAL NOTICE
# ALGEMENE KENNISGEWING

## NOTICE 1078 OF 2014

## DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

## PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE JUDICIAL MATTERS AMENDMENT BILL, 2014

1. Notice is hereby given in terms of Rule 241(1)(b) of the Rules of the National Assembly that the Minister of Justice and Correctional Services intends introducing the Judicial Matters Amendment Bill, 2014, in the National Assembly shortly.

2. The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 241(1)(c) of the Rules of the National Assembly.

The Bill is intended to amend the following Acts of Parliament-

(a) the Magistrates' Courts Act, 1944, so as to further regulate the period of acting appointment of judicial officers;

(b) the Criminal Procedure Act, 1955, so as to repeal an obsolete provision;

(c) the Prescribed Rate of Interest Act 1975, so as to further regulate the calculation of interest on certain debts;

(d) the Magistrates Act, 1993, so as to further regulate the pension benefits of a magistrate who is appointed to the office of judge;

(e) the Judicial Service Commission Act, 1994, so as to amend the position regarding accountability for the receipt and payment of money in respect of the administration and functioning of the Judicial Service Commission;

(f) the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996, so as to further regulate the reporting responsibilities of the head of the Special Investigating Unit;

(g) the Promotion of Access to Information Act, 2000, the Promotion of Administrative Justice Act, 2000, and the Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000, so as to further provide for the training and designation of presiding officers for purposes of court proceedings as contemplated in these Acts;

(h) the Judges' Remuneration and Conditions of Employment Act, 2001, so as to substitute references to the Director-General: Justice and Constitutional Development with references to the Secretary-General of the Office of the Chief Justice;

(i) the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, so as to further regulate reporting on the implementation and training programmes of the said Act;

(j) the South African Judicial Education Institute Act, 2008, so as to amend the position regarding accountability for the receipt and payment of money in respect of the administration and functioning of the South African Judicial Education Institute;

(k) the Child Justice Act, 2008, so as to further regulate reporting on the implementation of the said Act and to further regulate the expungement of records of certain convictions and diversion orders in respect of children;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(l) the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013, so as to further regulate protective measures for foreign victims of trafficking, and to further regulate matters in respect of which regulations can be made;

and to provide for matters connected therewith.

3. A copy of the Bill can be found on the websites of the Department and Parliamentary Monitoring Group at http://doj.gov.za and http://www.pmg.org.za and may, after introduction, also be obtained from the Government Printers, Cape Town (telephone number: 021 – 465 7531).

**KENNISGEWING 1078 VAN 2014**

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

**PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WETSONTWERP OP GEREGTELIKE AANGELEENTHEDE, 2014**

1. Kragtens Reël 241(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wetsontwerp op Geregtelike Aangeleenthede, 2014, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 241(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

Die Wetsontwerp het ten doel om die volgende Wette van die Parlement te wysig-

(a) die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde die tydperk van waarnemende aanstelling van regterlike amptenare verder te reël;

(b) die Strafproseswet, 1955, ten einde ’n uitgediende bepaling te herroep;

(c) die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975, ten einde die berekening van rente op sekere skulde verder te reël;

(d) die Wet op Landdroste, 1993, ten einde die pensioenvoordele van ’n landdros wat tot die amp van regter aangestel is, verder te reël;

(e) die Wet op die Regterlike Dienskommissie, 1994, ten einde die posisie aangaande aanspreeklikheid vir die ontvangs en betaling van geld ten opsigte van die administrasie en funksionering van die Regterlike Dienskommissie te wysig;

(f) die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996, ten einde die verslagdoeningsverantwoordelikhede van die hoof van die Spesiale Ondersoekeenheid verder te reël;

(g) die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, die “Promotion of Administrative Justice Act”, 2000, en die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”, 2000, ten einde verder voorsiening te maak vir die opleiding en aanwysing van voorsittende beamptes vir doeleindes van hofverrigtinge soos in hierdie Wette beoog;

(h) die Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters, 2001, ten einde verwysings na die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling te vervang deur verwysings na die Sekretaris-generaal van die Kantoor van die Hoofregter;

(i) die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, ten einde verslagdoening oor die inwerkingstelling en opleidingsprogramme van die genoemde Wet verder te reël;

(j) die Wet op die Suid-Afrikaanse Regterlike Opleidingsinstituut, 2008, ten einde die posisie aangaande aanspreeklikheid vir ontvangs en betaling van geld ten opsigte van die administrasie en funksionering van die Suid-Afrikaanse Regterlike Opleidingsinstituut te wysig;

(k) die "Child Justice Act", 2008, ten einde die verslagdoening oor die implementering van die genoemde Wet verder te reël en om die skrapping van rekords van sekere veroordelings en afleidingsbevele ten opsigte van kinders verder te reël;

(l) die "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act", 2013, ten einde beskermende maatreëls vir buitelandse slagoffers van mensehandel verder te reël, en om aangeleenthede ten opsigte waarvan regulasies gemaak kan word, verder te reël;

en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

3. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.doj.gov.za en http://www.pmg.org.za gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van die Staatsdrukkers, Kaapstad (telefoonnommer: 021- 465 7531).

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**